

# Tema: Hoe bly ons staande in tye van verwarring?

**Skrifvoorlesing: Kolosense 2:1-15**

**Met ons wortels in Christus en ons gebou op Hom!**

Terwyl Paulus in die gevangenis was het hy gehoor van mense wat in die gemeentes rondgaan en verwarring veroorsaak. Hy is veral bekommerd oor daardie gemeentes waar hy nie persoonlik gewerk het nie (2:1).

**Watter verwarring?**

Ons is almal beïnvloedbaar, of ons pas pas begin glo het en of ons lankal glo. Wanneer iemand sy standpunt met oortuiging stel kán dit ons verwar. In die Kolossensebrief word daar verwys na die gevaar van misleiding met vals redenasies (2:4), wettiese godsdienstigheid (2:8), voorskriftelikheid (2:16) en verwaandheid (2:18) van die mense wat verwarring saai.

Die gevolg is dat hulle die wat na hulle luister “as ‘n buit wegvoer” (2:8 – ’53-vert) en “van (hul) prys beroof” (2:18 – ’53-vert).

**Hoe kan ons staande bly? (2:6,7)**

Deur gewoon in Christus te lewe.

In Hom gewortel.

Op Hom gebou.

Met dankbaarheid vervul.

As ons nie “al die verborge skatte van wysheid en kennis” (2:3) **in Christus vind** nie, sal ons dit by niemand anders vind nie. Hierdie rykdom wat so lank geheim gebly het is nou daar om ontdek en ontgin te word, maar **nie op menslike wyse deur redenasies, voorskrifte en spogtery nie**. Dit word wel as gawe van God ontvang deur Hom te glo.

**Hoe raak dit ons bediening van mekaar? (2:1-3)**

Beteken dit nou ons moet mekaar liever los dat elkeen maar sy pad met God vind? Nee! Paulus stel vir ons ‘n voorbeeld wees van iemand wat opreg besorg is oor die kwesbaarheid van gelowiges en die listigheid van die duiwel.

Vanuit die tronk (waar hy oor sy getrouheid aan Christus aangehou word) het hy die volgende doelwitte vir die gemeentes met sy bediening:

Hulle moet bemoedig word

Hulle moet met liefde aanmekaar verbind wees en so doende...  
saam strewe na diep en volledige insig en kennis van God  
saam die verborge skatte van Christus vind

*Ons kan dit saamvat deur te sê hy wil die gemeente “bemaagtig” om so  
“selfstandig” te wees, sodat hulle sal weet wat hoe om geheel en al van Christus  
afhanklik te wees.*

**Hoe word hierdie waarheid in die doop verkondig? (2:11-13)**

Die betekenis van die doop is so ryk dat dit alles insluit wat ons deur Christus se toedoen ontvang. Hier word egter op twee “skatte” gewys, nl. (1) die wegsny, doodmaak van ons sondige natuur deur Christus en (2) die kragvolle opwekking tot ‘n nuwe lewe saam met Christus.

**Met hierdie versekering van Christus mag ons as gelowiges ons kinders voor God bring dat Hy sy verbondsbeloftes ook openlik aan hulle kan gee.**